

Saterdag 13 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 5:33-42

Fokusgedeelte: Handeling 5:33-42

Verbly u in lyde ter wille van Christus, want die hoop beskaam nie!

Gister het ons gesien hoe Petrus, onder leiding van die Heilige Gees, ondanks die verbod van die Raad, vreesloos getuig het van Jesus Christus.

Dit het die Joodse Raad só woedend gemaak dat hulle letterlik wou moord pleeg. Gamaliël tree na vore en versoek dat die beskuldigdes die hofsaal sal verlaat. Hy word, alhoewel hy nie hulle leer ondersteun nie, 'n onverwagse bondgenoot van die apostels. Hy was 'n gerespekteerde leermeester en lid van die Joodse Raad en oortuig die Raad dat as Jesus nie van God sou kom nie, die lering van die apostels tot niks sou lei nie. Indien Hy wel van God afkomstig is, kan geen mens sy saak keer nie. Daardeur het Gamaliël nie alleen die lewens van die apostels gered nie, maar ook verdeeldheid in die Raad verhinder.

Daarna het die Sanhedrin die apostels ontbied, hulle laat gésel, hulle beveel om nie in die Naam van Jesus te praat nie, en hulle vrygelaat. Die apostels reageer wonderlik hierop. Hulle was baie bly dat God hulle waardig geag het om vir Jesus te ly en ook het hulle nie opgehou om elke dag te verkondig dat Jesus die Christus, die beloofde Messias is.

Het u al ooit daaraan gedink dat lyde en vervolging ter wille van Christus iets is om oor bly te wees?

In Parys, Frankryk, is 'n monument bestaande uit 'n aambeeld met 'n aantal gebreekte hamers. Die onderskrif lui: "Hamer maar voort, vyandige bendes. Julle hamers sal breek, maar God se aambeeld sal standhou."

Sing: Psalm 121-1:3, 4

Ds. S Hibbert (Simon) (Koster)